

DIE GESKIEDKUNDIGE BEWUSTHEID VAN AFRIKANER ADOLESSENTE¹

*Johan M Wasserman
Fakulteit Opvoedkunde
Universiteit van KwaZulu-Natal*

Abstract

From 2006 onwards all learners within the South African educational system would have started school after the fall of Apartheid. During the decade or so that has elapsed since Apartheid ended, South Africans, including Afrikaner adolescents, have experienced the tumultuous changes that followed. Of the changes that took place, two impacted greatly on the former: i) those especially losing their position/s of power and ii) the crumbling of the dominant Afrikaner-Nationalist Historiography which had a tremendous impact on the History studied at school. However, Afrikaner adolescents in schools in the 21st Century have never experienced the positions of power and dominance of the pre-1994 generations, but have merely heard the South African history of how it played itself out. In the light of the above scenario, this article – based on a small-scale survey – examines the Historical Consciousness of Afrikaner adolescents by investigating their views of History and the linkages between the past, present and future.

Inleiding

Die koms van die nuwe Suid-Afrika en die formele beëindiging van Apartheid in 1994 het ook die einde van die onderrig van Geskiedenis vanuit 'n Afrikaner-Nasionalistiese perspektief beteken. Tydens die voorafgaande era is Geskiedenisboekhandboeke geskryf, leerplanne beplan en die vak in die algemeen onderrig vanuit 'n perspektief wat merendeels blankes in die algemeen en veral Afrikaners in die besonder as helde uitgebeeld het. Daarteenoor is swart mense dikwels as skurke voorgestel. Gevolglik is alle Suid-Afrikaanse leerders blootgestel aan

¹ Die gebruik van die begrip Afrikaner is in die konteks van hierdie artikel gebaseer op die oorweldigende voorkeur wat die adolessente, wat aan die steekproef deelgeneem het, daarvoor uitgespreek het. Dit was naamlik 49 blanke Afrikaanssprekende Graad 10-leerders tussen die ouderdomme van 15 en 16 jaar. Die skrywer is deeglik daarvan bewus dat die gebruik van die begrip soos in die titel verwoord in breër kringe en binne akademiese verband as kontroversieel beskou mag word.

Geskiedenisonderrig waarin die stryd van blank teen veral swart mense verheerlik is. Op sy beurt is die geskiedenis van swart mense verwoord as minder glorieryk, en gewoonlik het hulle slegs as randfigure en moeilikheidsmakers gefigureer.²

Nietemin, sedert 1994 is Geskiedenisonderrig, soos alle ander aspekte van die Suid-Afrikaanse samelewing, getransformeer.³ Die nuwe leerplanne wat voorsien en uiteindelik geïmplementeer is, was 'n paradigmaterskuiwing ten opsigte van beide inhoud en metodologie. In die proses is daar radikaal wegbeweeg van die Afrikaner-Nasionalisties georiënteerde leerplanne en die leerstyl van feitememoriserings na 'n leerdergesentreerde pedagogiek.⁴ As gevolg hiervan het Afrikaners, in teenstelling met hulle vroeëre posisie van oorheersing en mag, hulle op die rand van die Geskiedenis bevind.⁵ Dit het nie ongemerk verbygegaan nie, en in een reaksie is sterk siening deur professor Fransjohan Pretorius van die Universiteit van Pretoria en doktor Fanie du Toit, projekbestuurder van die *Turning Points*-geskiedenisreeks, in die Afrikaanse Sondagblad *Rapport* uitgespreek. Pretorius het gemeen Afrikaners en hulle geskiedenis word gemarginaliseer, terwyl Du Toit dié aantygings ontken het en betoog het ten gunste van 'n breër inklusiewe Suid-Afrikaanse geskiedenis wat Afrikaners in hulle volle menslikheid sou uitbeeld.⁶

In die konteks van bostaande kommentare en menings, meer as 'n dekade na alle Suid-Afrikaners hulle vryheid verkry het, moet 'n mens vra: Waar laat dit Afrikaner-adolessente en die Geskiedenis, veral in die lig van die geskiedenis van Geskiedenisonderrig in Suid-Afrika en die posisies van mag en oorheersing waarvoor Afrikaners in die verlede

2 G Weldon, "A comparative study of the construction of memory and identity in the curriculum of post-conflict societies: South Africa and Rwanda", *International Journal of Historical Learning, Teaching and Research*, 6, January 2006, pp. 2-15.

3 ES Van Eeden & JL van der Walt, "Creating a future for History within South Africa's Curriculum 2005", *Journal for Theory and Research in Social Education*, 28(1), Winter 2000, pp. 85-95.

4 C Kros, "Telling lies and then hoping to forget all about History", *South African History Journal*, 42, 2000, pp. 69-88; L Callinicos, "Reconceptualising the History Curriculum", *Notes to the Report of the History and Archeology Panel to the Minister of Education*, Pretoria, 2000, (beskikbaar by <http://www.info.gov.za/otherdoes/2000/hapanelr.pdf>, soos nagevors op 10 Oktober 2007), pp. 12-14; P Kallaway, "History Education in a democratic South Africa", *Teaching History*, 78, January 1995, pp. 11-16.

5 *Die Vrye Afrikaan*, 20 Januarie 2006, (beskikbaar by www.vryeafrikaan.co.za/lees.php, soos nagevors op 14 Desember 2007), *passim*.

6 *Rapport*, 9 April 2006. Dit is belangrik om daarop te let dat ook ander Afrikaner historici hul stemme in die verband laat hoor het. Sien, ES Van Eeden & JL van der Walt, "Creating a future ...", *Journal for Theory and Research in Social Education*, 28(1), Winter 2000, pp. 85-95; P Kapp, "Vernuwing of vervanging? Geskiedenis en die herskikkingsproses in die onderwys", *Historia*, 42 (1), Mei 1997, pp. 1-21.

beskik het? Dit is 'n kwelvraag, veral aangesien nie een van die Afrikaner-adolessente wat tans op skool is, ooit blootgestel is aan die ideologie van Afrikaner-Nasionalisties georiënteerde geskiedenis soos die vorige geslagte nie, bloot omdat hulle al hulle skoolopleiding in die post-1994-tydperk ondergaan het. Hulle is daarbenewens oor die afgelope dekade heen blootgestel aan die ideologie van die nuwe sosiale en opvoedkundige orde, soos vasgelê in die liberale Suid-Afrikaanse grondwet wat regte en vryhede vir almal waarborg - 'n filosofie wat vervat is in die Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV). Op sy beurt word die NKV vir Geskiedenis ondersteun deur 'n reeks nuwegeslag-handboeke met 'n "sosiale geskiedenisbenadering"⁷, gekeur deur 'n nasionale komitee, en in sommige gevalle gepubliseer met die volle finansiële steun van die Suid-Afrikaanse regering.⁸ Die doel van die onderhawige artikel is dus om in die lig van hierdie ontwikkelinge die geskiedkundige bewustheid van Afrikaner-adolessente in post-Apartheid Suid-Afrika te ondersoek.

Navorsingskonteks en data-insameling

Oor die afgelope dekade is baie geskryf oor geskiedkundige bewustheid en wat dit behels. Die *Youth and History (Jeug-en-Geskiedenis)*-projek⁹ het byvoorbeeld gedurende 1994 en 1995 31 000 15-jariges in 26 Europese lande hieroor ondervra. Soortgelyke navorsing is ook in die VSA¹⁰ en Australië¹¹ onderneem. Maar wat is geskiedkundige bewustheid? Volgens Peter Seixas, een van die toonaangewende navorsers oor dié onderwerp, benut geskiedkundige bewustheid in die eietydse ontleding van die konsep verskeie dissiplines en intellektuele tradisies. Hieronder tel Opvoedkunde, Geskiedenis, Geheuestudies, Sielkunde en Museumkunde. Hoewel dié verskeidenheid 'n interessante debat tot gevolg sou kon hê, lewer dit probleme op wanneer daar na gemeenskaplike vertrekpunte gesoek word. Die verskeidenheid menings is inderdaad by tye so uiteenlopend van aard dat dit moeilik is om vas te stel of dit oor dieselfde onderwerp handel. Seixas bepleit gevolglik

7 Apartheid Museum, *Understanding Apartheid – Learner's Book* (Cape Town, Oxford, 2006), pp. 1-5.

8 M Morris, *Every step of the way* (Pretoria, HSRC Press, 2004), pp. 1-333.

9 M Angvik & B von Borries (eds.), *Youth and History. A comparative European survey on Historical Consciousness and political attitudes among adolescents, Volumes 1 and 2* (Hamburg, Körber-Stiftung, 1997), *passim*.

10 R Rosenzweig & D Thelen (eds.), *The presence of the past. Popular uses of History in American life* (New York, Columbia University Press, 1998), *passim*.

11 P Ashton, "Australians and the past", (available at <http://www.austpats.uts.edu.au>, soos nagevors op 25 Mei, 2006), pp. 1-7.

die noodsaaklikheid om op gemeenskaplike vertrekpunte te besluit.¹² Dit is egter hoogs onwaarskynlik dat gehoor gegee sal word aan hierdie pleidooi.

In die lig van bostaande, en vir die doel van hierdie artikel, sal die werksdefinisie van die *Jeug-en-Geskiedenis*-projek, naamlik dat geskiedkundige bewustheid “die koppeling tussen die verlede, die hede en die toekoms is”, gebruik word.¹³ Die belangrikste rede hiervoor, benewens om dit te aanvaar as ‘n oortuigende opvatting van geskiedkundige bewustheid, is dat hierdie navorsingsprojek losweg gebaseer is op die aanname wat gedurende die *Jeug-en-Geskiedenis*-projek¹⁴ gebruik is en as sodanig ook die verband ondersoek tussen adolessente-opvattinge oor die verlede, hulle evaluering van die hede en hul verwagtinge ten opsigte van die toekoms.¹⁵

Na aanleiding van bogenoemde werksdefinisie is op die volgende vyf areas van geskiedkundige bewustheid gefokus:

- Die betekenis en doelstellings van Geskiedenis
- Die voorstellings van Geskiedenis wat geniet en vertrou word
- Belangstelling in die Geskiedenis van verskillende geografiese streke en verskillende temas
- Chronologiese begrip van belangrike gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis
- Persepsies van die “Nuwe Suid-Afrika”.

Die metodologie wat benut is in die navorsing vir hierdie artikel het die opname onder ‘n monstergroep by ‘n doelbewus uitgesoekte Afrikaanse seuns-en-meisieskool in ‘n oorwegend Engelssprekende deel van Suid-Afrika behels. Die skool is gekies omdat dit toegang verleen het tot Afrikaner-adolessente vanoor die hele sosio-ekonomiese spektrum.¹⁶ Die navorsingsbevolking het bestaan uit 49 Graad 10-leerders (n=49). Al die respondente was wit, Afrikaanssprekend en 15-16 jaar oud. 63% was dogters en 37% seuns, terwyl 96% hulle self beskryf het as Christen,

12 J V Wertsch, “Specific narratives and schematic narrative templates”, P Seixas (ed.), *Theorizing Historical consciousness* (Toronto, University of Toronto Press, 2004), p. 49.

13 B von Borries, “Descriptive comparison of European students’ and teachers’ data”, M Angvik & B von Borries (eds.), *Youth and History...*, pp. A48-A51; p. A57.

14 Toestemming hiervoor is op 28 Junie 2006 per e-pos deur Professor Bodo von Borries gegee.

15 Dit is belangrik om daarop te let dat dié definisie nie universeel aanvaar word nie. Sien byvoorbeeld P Lee, “Walking backwards into tomorrow’ – Historical consciousness and understanding History”, referaat gelewer tydens die *American Educational Research Association* kongres, New Orleans, Januarie 2002.

16 L Cohen & L Manion, *Research methods in Education* (London, Routledge, 1990), pp. 37-41.

en 51% hulle inkomste as gemiddeld beskou het “wanneer dit vergelyk word met ander gesinne in Suid-Afrika”. Meisies was oorverteenvoerdig in die steekproef omdat die administrasie van die opname saamgeval het met gebeure wat beplan is in afwagting van die jaarlikse sportdag teen ‘n Afrikaanse skool van ‘n ander streek. Dié geslagsonewewig sou die uitslag van die navorsing in ‘n sekere mate kon geraak het. ‘n Ander tekortkoming wat na vore gekom het, was die beperktheid van die studie – dit is uitgevoer op slegs 49 Afrikaner-adolessente binne ‘n enkele skool. Hoewel hierdie steekproefgrootte nie noodwendig breë veralgemenings moontlik sal maak nie, is die opname wat gedoen is egter steeds ‘n uitstekende maatstaf waaraan die geskiedkundige bewustheid van Afrikaner-adolessente gemeet kan word.

‘n Kwantitatiewe studie van dié aard val volgens Cresswell binne die empiriese paradigma wat die werklikheid as “objektief”; “daar buite” en “onafhanklik” van die navorser beskou.¹⁷ Binne hierdie paradigma word dit as redelik moontlik geag om die geskiedkundige bewustheid van Afrikaner-adolessente objektief te meet en die ingesamelde data te gebruik om te veralgemeen, te voorspel, te verduidelik en tot ‘n mate van insig te geraak. Die uitgevoerde opname het bestaan uit gestruktureerde of geslote vrae met ‘n reeks veranderlikes wat gekoppel was aan ‘n vyfpunt-Likert-skaal waaruit die respondente moes kies. In hierdie proses is ‘n aansienlike hoeveelheid navorsingsdata aan die lig gebring. Weens ruimte- en tydsbeperkings, en met die gestelde fokusareas in gedagte, is slegs ‘n deursnit van die ingesamelde data gebruik om die geskiedkundige bewustheid van Afrikaner-adolessente te ondersoek. Daar is verder vir die doel van die artikel besluit om geldige persentasies vir ontleding te gebruik. Die rasionaal hiervoor was om die statistiese inligting in ‘n lesersvriendelike formaat aan te bied.

Die betekenis en doelstellings van Geskiedenis

Die eerste afdeling van die opname het die sienings van die opnamebevolking oor die betekenis en doelstellings van Geskiedenis laat blyk. Dit was duidelik uit die response van die Afrikaner-adolessente dat hulle groot waarde aan Geskiedenis heg. Dit is boonop duidelik dat hulle nie die argaïese gedagte onderskryf dat Geskiedenis bloot verband

¹⁷ JW Cresswell, *Research design. Qualitative and quantitative approaches* (London, Sage Publications, 2000), pp. 149-208.

hou met die verlede en dus van die hede en die toekoms verwyder is nie. Bewys hiervan is dat hulle dit as veel meer beskou as 'n skoolvak wat handel oor aspekte van die verlede – wat dood en verby is. Inteendeel, 65% van die respondente het Geskiedenis gesien as iets wat die agtergrond voorsien vir hoe ons in die hede leef, terwyl meer as 70% dit beskou het as geleentheid vir mense om uit die verlede te leer.

Die oortuigendste bewys van dié positiewe siening van Geskiedenis word gelewer deur die response op die vraag rakende die doelstellings van Geskiedenis – meer as 60% van die respondente het die doelstellings van die vak as drievoudig gesien: kennis van die verlede, om die hede te verstaan en oriëntering vir die toekoms. Die posisie korreleer positief met die werksdefinisie van geskiedkundige bewustheid wat vir die artikel aanvaar is, naamlik “die koppeling tussen die verlede, die hede en die toekoms”. Dit staan egter in skerp teenstelling met die siening wat deur die meerderheid leerders in Suid-Afrika voor en onmiddellik na 1994 onderskryf is, vir wie, in die woorde van Luli Callinicos – ‘n toonaangewende Suid-Afrikaanse historikus en opvoedkundige – “Geskiedenisonderrig irrelevant gelyk het”, ‘n standpunt wat volgens haar direk herlei kan word tot die misbruik van Geskiedenisonderrig tydens die Apartheidsera.¹⁸

Wat egter nie duidelik na vore kom nie, is wat die respondente as tersaaklike inhoud en voorstellings in die onderrig van Geskiedenis beskou. Die tweede area waarop gefokus is, het in 'n groot mate hierdie vraag beantwoord.

Die voorstellings van Geskiedenis wat geniet en vertrou word

Die leerders is in dié afdeling blootgestel aan 'n reeks veranderlikes waaronder skoolhandboeke, geskiedkundige dokumente, TV-dokumentêre programme, onderwysers, ander volwassenes, museums, geskiedkundige films en geskiedkundige romans, en is versoek om aan te dui watter van die gegewe aanbiedings hulle vertrou en watter hulle geniet het. Die response was nogal teenstrydig. Hoewel geskiedkundige romans en films en die geskiedkundige weergawes van volwassenes - onderwysers uitgesluit - genotvol gevind is, is dit met agterdog bejeën. 'n Verduideliking vir dié voorkeur vir fiktiewe en audiovisuele stof met

18 L Callinicos, “Reconceptualising the History Curriculum”, *Notes to...*, pp. 12-14.

‘n geskiedkundige strekking, soos deur Angvik aangevoer, is dat die “behoefte aan vermaak” die “begeerte na opvoeding” oorheers.¹⁹ ‘n Verdere verklaring vir genoemde tendens word deur Robert Phillips geopper, naamlik dat die moontlikheid bestaan dat nie-amptelike kommersiële Geskiedenisbronne soos films, koerante en televisie die belangrikste bydrae kan lewer in die ontwikkeling van geskiedkundige bewustheid van adolessente.²⁰ Die voorafgaande kan dus ook as verklaring dien vir die buitengewone belangstelling in die geskiedenis van koninklikes en beroemdes – twee groepe wat bykans eindelose dekking in die gedrukte en elektroniese media geniet.

Gepaard hiermee is die geskiedkundige weergawes van volwassenes as genotvol maar onbetroubaar beskou. Om waarde aan volksgeskiedenis soos dié te heg, eerder as aan amptelike weergawes, is nie vreemd nie. Intendeel, volgens Thelen en Rosenzweig is dit een van die bruikbaarste en mees algemene vorme van Geskiedenis wat as ‘n gesonde teenwig vir amptelike Geskiedenis dien.²¹

Aan die ander kant, hoewel geskiedkundige dokumente as hoogs betroubaar beskou is, is dit nie as ‘n genotvolle aanbieding van Geskiedenis ervaar nie – ‘n simptoom van die oorgebruik van brongebaseerde aktiwiteite in die klaskamer. Museums en ander geskiedkundige plekke wat ‘n interaktiewe, konstruktiewe en visuele leerervaring bied, is daarteenoor sonder meer aanvaar en gesien as uiters betroubaar sowel as hoogs genotvol. Die rede hiervoor is na alle waarskynlikheid ‘n geval van “om te sien is om te glo”, terwyl dit terselfdertyd genotvol en visueel is. Met ander woorde die kontemporêre visuele wêreld van Afrikaner-adolessente kombineer vermaak met opvoeding om ‘n vorm van opvoedvermaak te skep.

Wat ontstellend is, is die gebrek aan vertroue wat in Geskiedenisonderwysers gestel is. Handboeke, wat saam met onderwysers die hoeksteen van Geskiedenisonderrig en die vorming van geskiedkundige bewustheid behoort te vorm is eweneens met agterdog bejeën. ‘n Moontlike oorsaak hiervan, soos deur Pretorius in sy kritiek van die *Turning Points* handboekreeks uitgewys is, is eerstens die

19 M Angvik, “Youth and History - an intercultural comparison of Historical Consciousness”, M Angvik & B von Borries (eds.), *Youth and History...*, pp. A19-47; p. A37.

20 R Phillips, “Contesting the past, constructing the future: History, identity and politics in schools”, *British Journal of Educational Studies*, 46 (1), March 1998, p. 45.

21 R Rosenzweig & D Thelen (eds.), *The presence of the past...*, *passim*.

onderverteenwoordiging van Afrikaners en tweedens hulle voorstelling as geweldig en krimineel. 'n Voorbeeld wat Pretorius uit *Turning Points* aanhaal, is die onderverteenwoordiging van president Paul Kruger van die Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) in vergelyking met sy aartsvyand, die empire-bouer Cecil John Rhodes. Terwyl dekking van Kruger in totaal 1½ reëls beslaan, is Rhodes in 3½ bladsye gedek en terselfdertyd is twee foto's van hom ingesluit.²² Boonop het 'n opname van die 21 skrywers en konsultante van die handboeke wat onlangs deur Shutters, Oxford en Maskew Millar Longman uitgegee is, aangedui dat nie een van hulle Afrikaners was nie. As die ou gesegde van "bestudeer eers die historikus voor jy sy/haar produk in die Geskiedenis bestudeer" waar is, sal nie een van dié skrywers Afrikaners met veel simpatie behandel nie. Aangesien die respondente hulle dus nie met die simbole, voorstellings, weergawes en tekste van die amptelike Geskiedenis kan identifiseer nie, is beide onderwysers en handboeke, as die Geskiedenisagente van die staat, met agterdog bejeën.

Dit is dus duidelik dat Afrikaner-adolesente Geskiedenis as belangrik en bruikbaar beskou, maar dat hulle die kommersiële en nie-amptelike variante daarvan die meeste geniet. Daarteenoor het Geskiedenis, soos vergestalt in die skoolkonteks, baie minder geesdrif uitgelok. Dit sinspeel op 'n geskiedkundige bewustheid wat in 'n groot mate buite die amptelike opvoedkundige stelsel geskep is. Teen hierdie agtergrond kan die vraag gestel word: In die Geskiedenis van watter geografiese streke en in watter temas sou die respondente belangstel?

Belangstelling in die geskiedenis van verskillende geografiese streke en verskillende temas

Met betrekking tot motivering en belangstelling in die geskiedenis van uiteenlopende geografiese streke en verskillende temas is 'n reeks voorkeure uitgedruk. Uit die ontleding van die data het dit duidelik geblyk dat plaaslike geskiedenis (dié van die stad en die provinsie) en Afrikageskiedenis – albei temas wat sterk beklemtoon word in die NKV vir Geskiedenis – baie min belangstelling gewek het. Die onverskilligheid teenoor plaaslike geskiedenis kan verklaar word deur die feit dat die navorsingsbevolking "meta-verhale" bo die mikro-geskiedenis van alledaagse gebeure of streke verkies het. Waarom dan

²² *Rapport*, 9 April 2006.

die gebrek aan belangstelling in Afrikageskiedenis (38.3%) en in die geskiedenis van Suidelike Afrika voor die aankoms van Europeërs, ondanks die feit dat temas in verband met dié onderwerp, soos die Koninkryke van Mapungubwe en Groot Zimbabwe, onderrig is in die jare wat opbou na Graad 10? 'n Rede word deur Jörn Rüsen verskaf wat dit “etnosentrisme” noem en dit verklaar as “jou eie mense staan histories vir beskawing en sy prestasies, terwyl die andersheid van ander 'n afwyking van hierdie standarde is”. Nie-Westerse geskiedenis speel gevolglik normaalweg 'n marginale rol, aangesien dit gesien word as 'n afwyking en dit dus in teenstelling is met die beskawing wat Westerse geskiedenis verteenwoordig. Om dieselfde rede is voorrang verleen aan Wêreldgeskiedenis bo Suid-Afrikaanse geskiedenis.²³

Wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis betref, het die Apartheidsera en die post-Apartheidsera met effens meer as 50% die meeste belangstelling uitgelok. Die redes hiervoor is waarskynlik tweevoudig – dit is eietydse geskiedenis en die leerders het dit in 'n sekere mate beleef en ervaar. Tweedens is dit 'n aspek van die Geskiedenis wat baie klaskamerdekking geniet het en waarvoor daar baie oudiovisuele materiaal beskikbaar is. Terselfdertyd lyk dit nie of die respondente ly aan of kla oor “'n oormaat van Apartheid” soos baie leerders van hulle ouderdom nie.²⁴ Daar bestaan twee moontlikhede hiervoor. Eerstens beteken die belangstelling wat deur die Afrikaner-adolessente van hierdie opname in dié as donker en negatief voorgestelde aspek van die Afrikanergeskiedenis uitgedruk is, dat hulle negatiewe geskiedkundige ervarings in die geskiedkundige self-bewustheid moet integreer, wat opsigself 'n noodsaaklike stap is vir die skep van geskiedkundige bewustheid.²⁵ Met ander woorde hulle stoei positief met 'n verlede wat as pynlik aangebied word. 'n Meer ontstellende moontlikheid is dat die Afrikaner-adolessente van die opname, soos daardie Afrikaners van die opname van die Waarheids- en Versoeningskommissie,²⁶ positiewe sienings oor Apartheid huldig omdat dit gesien word as 'n meesterverhaal van 'n Afrikaner-suksesstorie en

23 J Rüsen, “How to overcome ethnocentrism: approaches to a culture of recognition by History in the twenty-first century”, *History and Theory*, 43 (4), 2004, pp. 118-129.

24 G Allen, “Is Historical consciousness historical?”, JWN Tempelhoff (ed.), *Historical consciousness and the future of the past* (Vanderbijlpark, Publishing House Kleio, 2002), pp. 41-53.

25 RM Guyver, haal J Scherrer aan uit haar resensie van S Macdonald, “Approaches to European Historical Consciousness – reflections and provocations” (Hamburg, Körber-Stiftung, 2000), *International Journal of Historical Learning, Teaching, and Research*, 2 (2), July 2002, pp. 1-62.

26 H Giltomee, “'n Sinvolle Afrikaanse verlede”, JWN Tempelhoff (ed.), *Historical Consciousness...*, pp. 13-40.

een van die min aspekte van die “onderrigte” Geskiedenis waarin hulle “hulleself kan sien” as ‘n volksgroep. Die probleem hiermee is dat die geheues van die Afrikaner-adolesente hulle mislei, aangesien Apartheid inherent ‘n negatiewe geskiedkundige bewustheid is. Terselfdertyd suggereer dit ‘n duidelike onvermoë onder die adolesente wat aan hierdie opname deelgeneem het, om die verlede, waaraan hulle deur volksverbondenheid gekoppel is, te dekonstrueer – ‘n bitter moeilike proses, soos blyk uit die navorsing van McKinney.²⁷ Gevolglik word Apartheid hulle glorieryke verlede in hierdie onseker hede.

Ikoniese hoogtepunte van die Afrikanergeskiedenis, die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog het marginaal minder belangstelling as Apartheid uitgelok. ‘n Verklaring hiervoor is dat slegs die Anglo-Boereoorlog (die Suid-Afrikaanse Oorlog volgens die opvoedkundige dokumente) as ‘n kamee verskyn in die leerplan wat opbou na die graad waarin die respondente hulle bevind het. Ondanks dié gebrek aan kurrikulêre ruimte is die feit dat daar so ‘n hoë belangstellingsvlak in hierdie twee onderwerpe is, ‘n aanduiding van die durende herinnering aan hierdie gebeure. Verdere bewys van die durende nalatenskap van veral die Anglo-Boereoorlog is die onlangse polemieë oor die liedjie *De la Rey* deur die Afrikaanse sanger Bok van Blerk waarin hy ‘n oproep doen op die legendariese generaal Koos de la Rey van Anglo-Boereoorlogfaam om terug te kom om die Afrikaners te lei. Nie alleen het die CD rekordverkope gehaal nie, maar dit het ook die aandag van die Suid-Afrikaanse Regering getrek wat rewolusiebedoelings daarin ingelees het en hulle onrustig gestem het.²⁸

Met betrekking tot Geskiedenisemas wat nie deel van die NKV uitmaak nie, het die opname getoon dat genealogie en Omgewingsgeskiedenis gunsteling was. Die sterk belangstelling wat uitgedruk is in Omgewingsgeskiedenis, is in ooreenstemming met die algemene waarde wat die respondente aan omgewingsake heg. Op sigself is dit nie net ‘n aanduiding van ‘n sterk omgewingsbewustheid onder die respondente nie, maar ook ‘n bevestiging dat geskiedkundige bewustheid nie noodwendig in skole deur die onderrig van Geskiedenis ontwikkel word nie. Bewys hiervan is die feit dat Omgewingsgeskiedenis geensins in

27 C McKinney, “It’s just a story. ‘White’ students’ difficulties in reading the apartheid past”, *Perspectives in Education*, 22 (4), December 2004, pp. 37-45.

28 *Weekend Witness*, 17 Februarie 2006.

die NKV figureer nie.²⁹ Die belangstelling in genealogie (87.3%) word die beste deur Barton en Levstik verklaar wat beweer dat dit “een van die mees basiese vorme van geskiedkundige identifikasie” is wat gemeenskaplik is binne en buite skole.³⁰ Steun vir die standpunt kan geput word uit die entoesiasme vir Volksgeskiedenis, soos vroeër in die artikel uiteengesit is.

Uit die voorafgaande is dit dus duidelik dat die NKV geen werklike inslag gevind het in die geskiedkundige bewustheid van die Afrikaner-adolessente wat aan die opname deelgeneem het nie. Behalwe by die studie van Apartheid is lou-warm belangstelling oor die algemeen in die temas en geskiedenis van geografiese streke, soos in die NKV vervat, uitgespreek. Daarteenoor is voorkeure wat aangedui is vir temas uit die Afrikanergeskiedenis wat geensins of op ‘n beperkte wyse in die NKV figureer ‘n aanduiding van die mag wat die verlede en die hede op die geskiedkundige bewustheid van die respondente het.

‘n Chronologiese begrip van belangrike gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis

In die lig van die menings soos hierbo uitgedruk, kan die vraag gestel word: Hoe goed is die kronologiese begrip van belangrike gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis? Daar is van die respondente verwag om die volgende veranderlikes in die korrekte kronologiese orde te plaas: die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap; die Anglo-Boereoorlog; die Groot Trek; die val van Apartheid en die aankoms van swart emigrante uit Sentraal-Afrika in Suid-Afrika – elke gebeurtenis ‘n sleutelmoment in die geskiedenis van Suid-Afrika.

Uit die ontleding van die data is dit duidelik dat die respondente oor die algemeen onsuksesvol was met die hanteer van die chronologie van die gegewe gebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Wat die adolessente maklik gevind het om te plaas, was die val van Apartheid, en 75.5% het dit reggekry – eenvoudig weens die eietydse aard van die gebeurtenis. Om ander gebeure te plaas het meer problematies geblyk. Die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap – die begin van Europese vestiging in Suid-Afrika – is gevolglik verkeerdlik deur meer as twee derdes van die

29 JM Wassermann, “Environmental Education, History and curriculum transformation: The South African experience”, (Referaat: Kongres 4th *World Environmental Education*, Durban, Julie 2007).

30 KC Barton & LS Levstik, *Teaching history for the common good* (Mahwah, Erlbaum, 2004), pp. 46-47.

respondente aangedui as die eerste gebeurtenis. Hoewel dié aankoms skaars in die jongste NKV plek gegun is, is die prominente rangordening 'n aanduiding van die blywendheid van die geheue van Apartheidsera-ondererrig wat verklaar het dat Van Riebeeck in Suidelike Afrika aangekom het óf voor óf min of meer gelyktydig met die eerste swart setlaars in die verre noorde van die land. Die aankoms van die swart setlaars, wat eerste gerangorden moes wees, is gevolglik deur 27.7% tweede geplaas en in die vierde plek deur 38.3% van die respondente. Laasgenoemde respons is heel waarskynlik 'n siening van die Suid-Afrikaanse geskiedenis oor die afgelope dekade toe miljoene immigrante uit ander dele van Afrika hulle weg na Suid-Afrika gevind het. Ironies genoeg is die Groot Trek en die Anglo-Boereoorlog, wat aansienlike hoeveelhede steun as temas van belangstelling geniet het, nie met groot vertroue in die tydlyn van gebeure geplaas nie. Ten spyte van die eeufesvierings wat ses jaar gelede plaasgevind het, is veral die Anglo-Boereoorlog gesien as 'n moeilike gebeurtenis om te plaas. 'n Begryplike verklaring daarvoor is dat dit 'n baie klein deel van die leerplan uitmaak, en dan word dit die Suid-Afrikaanse Oorlog genoem, terwyl die herdenkings van die oorlog, om verskeie redes, reeds teen September 1999 sy dryfkrag verloor het.³¹

Verskeie redes kan voorgehou word vir die temporale onvermoë van die navorsingsbevolking. Die gekose sleutelmomente, behalwe Apartheid, figureer nie noodwendig in die kurrikulum nie. As sodanig was die uitgeoefende keuses in 'n mate 'n weerspieëling van beide dit wat op skool gedoen word, en die respondente se kennis van amptelike Geskiedenis. Wat die gebrekkige temporale vermoë wel bevestig, is dat die studie van sleutelgebeure in die Suid-Afrikaanse geskiedenis op skoolvlak agterweë bly en dit derhalwe moeilik maak vir leerders om die ware koppeling tussen die verlede, die hede en die toekoms te verstaan. Gesien teen hierdie agtergrond kan gevra word: Wat is die opvatting van die Afrikaner-tieners van die "Nuwe Suid-Afrika" wat 'n paar jaar nadat hulle gebore is, tot stand gebring is?

Persepsies ten opsigte van die "Nuwe Suid-Afrika"

Die adolessente in die opname, as 'n volksgroep, het baie sterk en soms teenstrydige sienings oor post-Apartheid Suid-Afrika gehuldig. Hoewel hulle dit as 'n demokrasie gesien het met 'n sterk ekonomie

³¹ H Giliomee, "n Sinvolle Afrikaanse verlede", JWN Tempelhoff (ed.), *Historical consciousness...*, p. 14.

wat geregtigheid aan almal bied, het hulle gevoel dat regstellende optrede (53.2%) 'n vorm van rassisme is en dat die geskiedenis en taal van die Afrikaner onderdruk word. Veral laasgenoemde siening is sterk gesteun, aangesien 73.2% van die respondente dié gedagte onderskryf het. Redes vir hierdie perspektief word verskaf deur die prominente Afrikanergeskiedkundige, Herman Giliomee, wat verklaar dat Afrikaners sinies is oor politiek en gefrustreer is oor die toekoms omdat hulle ideologie, Afrikaner-Nasionalisme, verkrummel het.³² Vanuit dié politieke en ideologiese posisie sien hulle Suid-Afrika sosio-polities en sosio-ekonomies as 'n wonderlike plek waar hulle nie werklik tuishoort nie. Gevolglik bestaan 'n besliste gevaar dat 'n afsonderlike en aggressiewe stamgevoel onder Afrikaners kan ontwikkel soos reeds op 'n baie beperkte skaal gebeur het met die aanvalle deur regse elemente by Soweto en Bronkhorstspuit.

Die response oor demokrasie het getoon dat slegs 42% enige waarde aan demokrasie geheg het, terwyl slegs 29.8% van die respondente in die geskiedenis van die ontwikkeling van demokrasie belanggestel het. Waaroor die Afrikaner-adolessente baie positief voel, is dat dit 'n vorm van regering deur die mense was, maar dat dit ook bloot 'n strategie was wat politici gedurende verkiesings aanwend. Ewe kommerwekkend vir 'n jong demokrasie soos dié van Suid-Afrika is die besluitloosheid wat respondente openbaar teenoor demokrasie as 'n middel om wet en orde te verkry, oor die regte van minderhede asook oor die posisie en rol van die ryk en magtige persone in hierdie proses. Hierdie persepsies is waarskynlik gevorm deur ervaringe sedert 1994 wat gedien het om die vroeëre posisie van mag en bevoordeling wat witmense geniet het, te ondermyn. Die respondente het gevolglik die bestaan van demokrasie as 'n integrale deel van die post-1994-stelsel erken, maar terselfdertyd in hulle geskiedkundige bewustheid wat gedurende hierdie tydperk opgebou is, het hulle hulleself as gemarginaliseer en ontmagtig en derhalwe as verwyderd daarvan beskou. Bewys hiervoor is dat 65% aangedui het dat hulle geensins in politiek belangstel nie en dat die respondente meer waarde geheg het aan die volksgroep waartoe hulle behoort as aan Suid-Afrikanerskap. Dit is dus duidelik dat die navorsingsbevolking 'n gevoel van marginalisering en nie-tuishoort by die post-1994 "vrygeborenes" openbaar, en hulleself eerder beskou as 'n afsonderlike groepering met 'n ander taal en Geskiedenis.

³² H Giliomee, "n Sinvolle Afrikaanse verlede", JWN Tempelhoff (ed.), *Historical consciousness...*, p. 29.

In die lig van die menings wat oor demokrasie uitgedruk is, het die voormalige president, Nelson Mandela, gemengde reaksies ontvang. Hoewel die oorgrote meerderheid hom beskou het as synde die eerste demokraties verkose president van Suid-Afrika, het hulle hom ook sterk geassosieer met die ANC. Beskouings oor Mandela as 'n "charismatiese leier" en die "vader van die mense van Suid-Afrika" het slegs louwarm steun ontvang, en nie die universele bewondering wat hom gewoonlik te beurt val nie. Waaroor die respondente (61.7%) baie sterk voel, is dat hy nie "as 'n terroris in die gevangenis was" nie. Hoewel die aard van die opname nie 'n verduideliking vir hierdie siening uitgelok het nie, kan aanvaar word dat die sterk teenwoordigheid van Mandela in die media en in die werklike lewe daartoe gedien het om vroeër aanvaarde oortuigings vir sy gevangenskap weg te kalwer. In hierdie proses is 'n nuwe nasionale mite vir 'n nuwe nasionale held geskep.

"Dink jou in dat 'n nuwe snelweg vir ons stad beplan word. In die proses word die terreine hieronder aangegee, bedreig. Hoeveel energie sou jy bestee aan die beskerming van elk?" Dit was die vraag wat gestel is om te bepaal hoe Afrikaner-adolessente ervarings van die verlede en huidige besluite met mekaar in verband bring. Bo-aan die lys, met betrekking tot energiebesteding om sekere terreine van ontwikkeling te red was 'n park wat die neste van bedreigde voëls bevat. Eweneens sou 'n aansienlike hoeveelheid energie bestee word om ander omgewingsterreine te red. Die besorgdheid oor die natuurlike omgewing korreleer positief met die belangstelling in Omgewingsgeskiedenis soos in 'n vroeëre afdeling van die opname aangedui. Die opregtheid van dié belangstelling word ondersteun deur die feit dat die respondente sterker oor die beskerming van die park met bedreigde voëls voel as oor die beskerming van 'n ou kerk. Dit is veral betekenisvol in die lig van die feit dat 96% van die respondente hulleself as Christene beskou het en dat elkeen van die respondente godsdiens as uiters belangrik vir hulle aangedui het. Wat verbasend is, veral in die lig van die mening wat vroeër gelug is dat die geskiedenis van Afrikaners sedert 1994 onderdruk word, is die feit dat slegs 'n derde van die adollessente baie energie sou bestee aan die red van 'n huis van 'n Boerekryger in die pad van die beplande snelweg. Die rede hiervoor is waarskynlik een van estetika en moraliteit, wat impliseer dat dit van groter belang is om natuurlike en godsdienstige terreine te red. Geensins verbasend nie, in 'n duidelike stelling van politieke ideologie, sou baie min energie deur die navorsingsbevolking bestee word om die

standbeeld van 'n ANC-leier te red.

Hoe dan – teen dié agtergrond – sien die navorsingsbevolking die verlede (40 jaar voorheen *circa* 1967) en die toekoms (40 jaar van nou af – *circa* 2047) van Suid-Afrika? Met ander woorde: Hoe word die verlede en die toekoms tans deur hulle geïnterpreteer? 'n Ontleding van die response op hierdie vraag dui aan dat etniese en klassekonflik as deel van die verlede, hede en toekoms van die Suid-Afrikaanse bestaan gesien word, met die sterk moontlikheid dat dit selfs sal toeneem teen 2047. Geweld en konflik word dus gesien as 'n statiese aspek van die Suid-Afrikaanse bestaan oor jare heen. Die sienings van Afrikaner-adolessente het verder aangedui dat hulle mettertyd ingrypende veranderinge op die gebied van die politiek, ekonomie en die omgewing verwag. Terwyl die Suid-Afrika van 1966 gesien is as ondemokraties, is dit korrek beskou as welvarend – ten minste vir witmense – en definitief onbesoedel en yl bevolk.³³ In teenstelling word die Suid-Afrika van 2046 gesien as nie net 'n demokrasie nie, maar ook besoedelde en oorbevolkte plek wat moontlik deur 'n vreemde nasie uitgebuit sou kon word.

Bogemelde oorwegend pessimistiese gevoel en etnies-gerigte siening van die 15- tot 16-jarige Afrikaanssprekende Afrikaners van die “Nuwe Suid-Afrika” is noodwendig gekleur deur hulle eietydse ervaringe en ook deur herinneringe van en mites oor die verlede. In die woorde van WM McClay word hul geskiedkundige bewustheid gevorm deur die onsigbare magte van mening en gesag uit die verlede.³⁴

Samevatting

Na aanleiding van bostaande bespreking kan gewonder word waarom dan 'n geskiedkundige bewustheid van hierdie aard onder Afrikaner-adolessente? Eerstens is dit belangrik om te besef dat geskiedkundige bewustheid as 'n geestesgesteldheid onvermydelik beïnvloed word deur “dinamiese tydsgebonde, ruimtelike, geestelike, kulturele en ideologiese

33 Volgens AM Grundlingh was die 1960s 'n era van voorspoed vir blankes. Statisties gesproke was hulle byvoorbeeld vierde op die wêreldranglys van motor eienaars. Terselfdertyd was daar, buiten vir Sharpeville, bitter min sprake van politieke geweld. AM Grundlingh, “Reflections upon the how of History education and historical imagination”, (Referaat: Konferensie, *The South African Society for History Teaching*, Potchefstroom, September 2006).

34 WM McClay, “Acquiring historical consciousness: The mystic chords of memory” (beskikbaar by <http://www.nche.net/page12/page16/page16.html>, soos nagevors op 3 Januarie 2008), pp. 1-3.

kontekste”³⁵ In die geval van die Afrikaner-adolesente van hierdie opname het dié konteks die post-Apartheid politieke, ekonomiese, sosiale en opvoedkundige ervaringe ingesluit. Terselfdertyd is die Afrikaner-adolesente produkte van die meestersverhaal van Apartheid – wat tot 1994 geduur het – wat vir hulle ouers gesê het wie hulle was en wie die “ander” was met wie hulle moes saamleef. Gesien in dié lig is dit nie verbasend nie dat die Afrikaner-adolesente spesifieke waarde heg aan die verlede, hede, en toekoms. ’n Verdere rede hiervoor is dat die toepassing van demokrasie in Suid-Afrika vanaf 1994 – wat as gevolg van die afwesigheid of die behoorlike toepassing daarvan gelei het tot die ontmagtiging van die voorheen bemagtigdes – ook gelei het tot die skrap van die geskiedenis van laasgenoemde. Dit is egter nie hierdie nuwe geskiedenis wat Afrikaner-adolesente wil hoor of glo nie; gevolglik staan hulle agterdogtig teenoor die prosesse wat demokrasie binne die vakinhoud van Geskiedenis teweegbring het. As gevolg daarvan is die adolesente akuit bewus van sowel hulle verlies van mag as hulle Geskiedenis en voel hulle daarom uitgeskuif en nie deel van die sogenaamde “vrygeborenes” nie.³⁶

Die bewustheid daarvan om die “ander” te wees, word verskerp deur die feit dat die meeste Afrikaner-adolesente Afrikaansmediumskole bywoon wat hulle nie gereedlik blootstel aan die geskiedkundige bewustheid van ander adolesente-groepe in Suid-Afrika nie. Die eindresultaat is ’n verhoogde geskiedkundige bewustheid onder Afrikaner-adolesente wat, volgens Jeismann soos aangehaal deur Erdmann, “verlang na ‘n geskiedenis” waarmee hulle kan identifiseer en waarby hulle aansluiting kan vind en wat hulle kan verstaan.³⁷ In die geval van Afrikaner-adolesente sou dié geskiedenis etnosentries van aard wees, aangesien dit ’n “meestersverhaal” is wat samehorigheid en verskil as noodsaaklik vir identiteit definieer.³⁸ ’n Geskiedkundige bewustheid van dié aard bly verder behoue weens die onvermoë van Afrikaner-adolesente om hulle verlede krities te herondersoek omdat hulle nie die nodige gereedskap het om hulle eie mites in die gesig te staar nie, wat weer beteken dat hulle nie ’n ingrypende begrip van die Suid-

35 G Allen, “Is Historical consciousness historical?”, JWN Tempelhoff (ed.), *Historical consciousness...*, p. 50.

36 *Mail & Guardian*, 28 Mei-4 Junie 2006.

37 E Erdmann, “Historical Consciousness – Historical culture – two sides of the same medal?” (Referaat: Kongres, *International Society for History Didactics*, Tallinn, September 2006).

38 J Rüsen, “How to...”, *History and Theory*, 43 (4), 2004, pp. 118-129.

Afrikaanse verlede en die ingewikkeldhede daarvan kan verkry nie. As 'n gevolg kan hulle hulle nie distansieer van hulle eie oortuigings nie.³⁹ Dit word verskerp deur die feit dat Geskiedenisonderrig in post-Apartheid Suid-Afrika die Afrikaner-adolessente in die steek gelaat het en hulle nie toegerus het om die amptelike Geskiedenis en waarom gebeurde op 'n bepaalde manier plaasgevind het, te verstaan nie. In daardie sin het Peter Lee gelyk wanneer hy verklaar dat Geskiedenisonderrig "nie demokrate, patriotte of selfs anti-rassiste kan waarborg nie, want die verlede is te kompleks en stel nie enige besondere siening van besondere persoonlike posisie bo 'n ander nie".⁴⁰ Dit is dus duidelik dat, soos tog wel deur die beperkte data geopenbaar is, Afrikaner-adolessente nog vashou aan hulle unieke verlede wat duidelik 'n uitwerking het op hulle sienings van die verlede, van die hede, en van die toekoms.

'n Geskiedkundige bewustheid van dié aard kan egter omgekeer word, en 'n omvangryke literatuur bestaan in hierdie verband.⁴¹ Die vernaamste stap sal wees dat die NKV 'n meer inklusiewe amptelike Geskiedenis moet verwoord. So 'n Geskiedenis sal Afrikaner-adolessente nie net toelaat om hulle positief as deel van die vak te sien en ervaar nie, maar kan terselfdertyd die geleentheid vir hulle skep om die geskiedenis waarmee hulle assosieer of wil assosieer, krities te herinterpreteer. Hopelik kan 'n geskiedkundige bewustheid in hierdie proses ontwikkel wat meer in ooreenstemming is met die bra eiewillige prototipe wat die NKV in die vooruitsig stel. Slottenderwys kan gesê word dat die doel met die studie was om 'n blik te gee op die geskiedkundige bewustheid van adolessente in Afrikaanssprekende kringe wat hulle as Afrikaners eien. Wat die geskiedkundige bewustheid van ander adolessente groepe in Suid-Afrika is oor dieselfde aangeleenthede soos in hierdie studie bespreek, is 'n ope vraag – en moet hierdie leemte nog aan indringende navorsing blootgestel word.

39 P Seixas, "Giving the future a past", *Canadian Social Studies*, 36 (2), 2002, p. 53.

40 P Lee, "Making sense of Historical accounts", *Canadian Social Studies*, 32 (2), 1998, p. 53.

41 Kyk as voorbeeld BA VanSledright, "Arbitrating competing claims in classroom culture wars", *Organization of American Historians Newsletter*, February 1999, (beskikbaar by <http://www.oah.org/pubs/nl/99feb/vansledright.htm>, soos nagevors op 2 September 2005), pp. 1-7; G Wilson, "Our history or your history?", *Teaching History*, 86, January 1997, pp. 6-8; J Rüsen, "Historical education in a multicultural society", *Yesterday and Today*, 21, April 1991, pp. 1-6.